

# Albizia anthelmintica

E: worm-cure albizia    A: oumaboom, kersieblomboom    H: omuama: D: Wurmrindenbaum    D/N: arub

Soos 'n mens kan vermoed, is hierdie boom in die hele Afrika bekend en gewaardeer vir sy vermoë, om inwendige parasitiese wurms by mens en dier dood te maak; *anthelminties* beteken dan ook wurmdodend. Dit kom wyd verspreid in Namibia voor, selfs redelik ver suid, waar daar nie ander bome groei nie.

In die lente is dit een van die bome wat die **eerste** sy blommetjies uitstoot en die einde van die winter aankondig. Dit is nie net baie mooi om die bloeisels te aanskou nie, hulle lok ook talle insekte aan wat in die wintertyd maar sukkel om vars nektaar te bekom.



*Eerste lentebloem in die veld*



*Blare*



*Papieragtige peul met sade*

Die blare kom eers heelwat later uit. Hulle lyk ietwat na die swarthaak se blare, maar is groter en meer onreëlmatig. Die peule is eers liggroen en word dan strooigeel. Omdat hulle so lig is, dra die wind dit saam en sorg so vir wye verspreiding van die sade. Die plat olyfkleurige sade ontkiem maklik. Die boombas is glad, rooierigbruin met klein horisontale streepmerkies op.



*gladde bas met tipiese klein wit strepiemerke*



*Die takke het doringagtige sytakkes, maar dit is **nie dorings nie**.*

Die wortel is 'n diep penwortel en maak dus oorplant van 'n jong plant moeilik. 'n Sekere soort grondbakterie wat kan stikstof bind, maak "knoppies" op die wortels en gaar daar stikstof op. 'n Gedeelte van die stikstof word deur die boom gebruik, naburige plante baat by die res. (Hierdie ken ons eintlik van peulgewasse soos ertjies, boontjies en lupines).

Wat die boom interessant maak, is natuurlik sy medisinale waarde, maar ook die pragtige geel hout met rooi kernhout. Omdat die hout sag en goed bewerkbaar is, word daarvan lepels, borde en komme gesny, asook meshandvatsels en -skedes. Met platterige, langwerpige borde is/ word dikwels die sade of korings van graan (ook grassaad bv.) opgegooi en weer opgevang om die kaf deur die wind te laat uitwaai.

Gerasperde boombas in melk gesit laat dit vinnig stol en gee 'n smaak, waarvan spesifiek die Ovahereros hou.

As die stam dik genoeg is, kan daarvan 'n lekker stoel gesny word.

**Hierdie soort boom mag in Namibia nie vir houtbemarking gekap word nie.**



*Op die stoel moet jy jou sit ken!*



*Ystervarke vreet in droogtetye die bas*

Kwale soos inwendige parasiete, maagaandoenings, neusbloei, hoofpyn, geslagssiektes, word met 'n aftreksel van die bas of verpoeierde gedroogde bas genees. Hererovrouens gebruik dit ook as voorbehoedmiddel net voor menstruasie. Jong takke word gekou om tande skoon te maak.

Veral donkies en ystervarke vreet die bome se bas onder as daar te min ander kos is (of dalk ook om "goggas" uit hulle verteringstelsel te verjaag??); die boom ly daardeur nie skade nie.

As ons so 'n boom op ons werf het, het dit baie voordele: Dit kondig die lente aan, sy lentekleed is besonder mooi.

As iemand 'n lintwurm het, skraap jy net bietjie bas af en gee daarvan een teelepels daaglik in (dalk met heuning vermeng, smaak **baie bitter**).

Dik takke wat dood is, kan vir houtwerk gebruik word.

Oppas net, boomrotte hou daarvan om in hierdie bome tuis te gaan.

Inligtingsbronne:

Le Roux and Mueller's Field Guide to Trees & Shrubs of Namibia (revised and expanded by C Mannheimer, B Curtis)

Gemsbok Bean and Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.v.Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

**September 2016**